THE PROVINCE OF PWV
DIE PROVINSIE PWV

# Provincial Gazette Extraordinary
# Buitengewone Provinsiale Koerant

Selling price: **R1,50** ◇ Other countries: **R1,95**
Verkoopprys: **R1,50** ◇ Buitelands: **R1,95**

**Vol. 237** PRETORIA, 15 DECEMBER / DESEMBER 1994 **No. 5074**

## PROCLAMATION · PROKLAMASIE

## PROCLAMATION

**No. 47 (Premier's), 1994**

LOCAL GOVERNMENT TRANSITION ACT, 1993
(ACT No. 209 OF 1993)

**TRANSITIONAL LOCAL COUNCIL OF BRONKHORSTSPRUIT**

Under section 10 of the Local Government Transition Act, 1993 (Act No. 209 of 1993), I hereby, with the concurrence of the Provincial Committee, make the enactments in the Schedule.

Given under my Hand at Johannesburg this Fourteenth day of December, One thousand Nine hundred and Ninety-four.

**T. M. G. SEXWALE,**
Premier-in-Executive Council.

## PROKLAMASIE

**No. 47 (Premiers-), 1994**

OORGANGSWET OP PLAASLIKE REGERING, 1993
(WET No. 209 VAN 1993)

**PLAASLIKE OORGANGSRAAD VAN BRONKHORSTSPRUIT**

Kragtens artikel 10 van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993), vaardig ek hierby met die instemming van die Provinsiale Komitee, die maatreëls in die Bylae uit.

Gegee onder my Hand te Johannesburg, op hede die Veertiende dag van Desember Eenduisend Negehonderd Vier-en-negentig.

**T. M. G. SEXWALE,**
Premier-in-Uitvoerende Raad.

## SCHEDULE

### Establishment of Transitional Local Council

**1.** A Transitional Local Council, hereunder called the Transitional Local Council of Bronkhorstspruit, is hereby established as contemplated in section 7 (1) (b) (i) of the Local Government Transition Act, 1993 (Act No. 209 of 1993), with effect from the date upon which this Proclamation shall come into operation (hereunder called the effective date), comprising the Town Council of Bronkhorstspruit, the Town Committee of Zithobeni and the area of Rethabiseng, which Transitional Local Council of Bronkhorstspruit shall be deemed to be a local authority in terms of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939).

### Dissolution of local government bodies

**2.** (1) The Town Council of Bronkhorstspruit, the Town Committee of Zithobeni and the area of Rethabiseng are hereby dissolved on the effective date.

(2) Administrator's Notice No. 542 of 25 November 1992 as promulgated in *Official Gazette* No. 4871 is as from the effective date repealed under section 13 (6) (a) of the Local Government Transition Act, 1993, in so far as it applies to the area of Rethabiseng.

### Area of Transitional Local Council of Bronkhorstspruit

**3.** The area of the Transitional Local Council of Bronkhorstspruit comprises the existing area of jurisdiction of the dissolved Town Council of Bronkhorstspruit as defined in Administrator's Notice No. 12 of 1 July 1935, as amended or extended, the existing area of jurisdiction of the dissolved Town Committee of Zithobeni as defined in Government Notice No. 1404 of 3 July 1953, as amended or extended and the existing area of Rethabiseng as defined in Administrator's Notice No. 542 of 25 November 1992, as amended or extended.

### Councillors and authorized persons

**4.** (1) The Transitional Local Council of Bronkhorstspruit comprises 18 Councillors.

(2) The terms of office of the Councillors of the dissolved local government bodies mentioned in section 2 shall be terminated on the effective date.

(3) The authorization under Premier's Proclamation No. 15 of 15 October 1994 of persons to exercise, perform or fulfil all the rights, powers, functions, duties and obligations assigned to the dissolved Town Committee of Zithobeni is hereby, as from the effective date repealed.

(4) The persons mentioned in Annexure A and duly nominated in terms of paragraph 5 of Schedule 1 to the Local Government Transition Act, 1993, are hereby appointed as Councillors of the Transitional Local Council of Bronkhorstspruit.

## BYLAE

### Instelling van Plaaslike Oorgangsraad

**1.** 'n Plaaslike Oorgangsraad, hieronder die Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit genoem, word hierby, soos beoog in artikel 7 (1) (b) (i) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993), vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Proklamasie (hieronder die effektiewe datum genoem), ingestel, bestaande uit die Stadsraad van Bronkhorstspruit, die Dorpskomitee van Zithobeni en die gebied van Rethabiseng, welke Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit geag word 'n plaaslike bestuur ingevolge die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939), te wees.

### Ontbinding van plaaslike owerheidsliggame

**2.** (1) Die Stadsraad van Bronkhorstspruit, die Dorpskomitee van Zithobeni en die gebied van Rethabiseng word hierby op die effektiewe datum ontbind.

(2) Administrateurskennisgewing No. 542 van 25 November 1992 soos uitgevaardig in *Offisiële Koerant* No. 4871 word vanaf die effektiewe datum kragtens artikel 13 (6) (a) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993, herroep in soverre dit van toepassing is op die gebied van Rethabiseng.

### Gebied van Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit

**3.** Die gebied van die Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit bestaan uit die bestaande regsgebied van die ontbinde Stadsraad van Bronkhorstspruit soos omskryf in Administrateurskennisgewing No. 12 van 1 Julie 1935 soos gewysig of uitgebrei, die bestaande regsgebied van die ontbinde Dorpskomitee van Zithobeni soos omskryf in Goewermentskennisgewing No. 1404 van 3 Julie 1953, soos gewysig of uitgebrei en die bestaande gebied van Rethabiseng soos omskryf in Administrateurskennisgewing No. 542 van 25 November 1992, soos gewysig of uitgebrei.

### Raadslede en gemagtigde persone

**4.** (1) Die Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit bestaan uit 18 Raadslede.

(2) Die ampstermyne van die Raadslede van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame vermeld in artikel 2 word op die effektiewe datum beëindig.

(3) Die magtiging kragtens Premiersproklamasie No. 15 van 5 Oktober 1994 van persone om al die regte, bevoegdhede, werksaamhede, pligte en verpligtinge wat aan die ontbinde Dorpskomitee van Zithobeni opgedra is, uit te oefen, te verrig of na te kom, word hierby vanaf die effektiewe datum herroep.

(4) Die persone vermeld in Aanhangsel A wat behoorlik kragtens paragraaf 5 van Bylae 1 by die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993, benoem is, word hierby as Raadslede van die Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit aangestel.

(5) Any casual vacancy arising on the Transitional Local Council of Bronkhorstspruit after the effective date shall be reported to the Member for Housing and Local Government of the Provincial Executive Council within thirty (30) days, which vacancy shall, notwithstanding the provisions of sections 20 and 36 of the Municipal Elections Ordinance. 1970 (Ordinance No. 16 of 1970), be filled by the competent authority from the relevant component of the list as contained in Annexure B of additional candidates in order of preference as contemplated in paragraph 5 of Schedule 1 to the Local Government Transition Act, 1993.

**Mayor and Deputy Mayor**

**5.** The Transitional Local Council of Bronkhorstspruit shall, in the manner prescribed for the election of a Mayor and a Deputy Mayor in sections 16 and 17 respectively of the Local Government Ordinance, 1939, elect as soon as possible after the effective date at the special meeting of the Council, a Mayor and Deputy Mayor from the Councillors mentioned in section 4 (4): Provided that the Mayor and the Deputy Mayor shall not both be appointed from either the statutory component or the non-statutory component.

**Allowances of Councillors, Mayor and Deputy Mayor**

**6.** (1) All the Councillors shall, as from the effective date, receive the same allowances as the allowances paid to the Councillors of the dissolved Town Council of Bronkhorstspruit.

(2) The Mayor and Deputy Mayor shall, as from the effective date, receive the same allowances as the allowances paid to the Mayor and the Deputy Mayor of the dissolved Town Council of Bronkhorstspruit.

**Executive Committee**

**7.** (1) The Transitional Local Council of Bronkhorstspruit shall, notwithstanding the provisions of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance No. 40 of 1960), in terms of the provisions of section 16 (6) of the Local Government Transition Act, 1993, elect from its members an Executive Committee.

(2) The Council shall, at the special meeting contemplated in section 5, elect two persons from the Executive Committee as Chairpersons of the Executive Committee, of which one shall be from the statutory component and one from the non-statutory component, which persons shall alternate as Chairpersons at each meeting of the Executive Committee.

(3) The provisions of sections 1 and 55 to 61 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, shall, for the purposes of this Proclamation, be applicable *mutatis mutandis* to the Executive Committee contemplated in subsection (1).

(5) Enige toevallige vakature wat na die effektiewe datum op die Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit ontstaan, moet binne dertig (30) dae aan die Lid vir Behuising en Plaaslike Regering van die Provinsiale Uitvoerende Raad gerapporteer word, welke vakature, ondanks die bepalings van artikels 20 en 36 van die Ordonnansie op Munisipale Verkiesings, 1970 (Ordonnansie No. 16 van 1970), deur die bevoegde gesag gevul word uit die betrokke komponent van die lys soos vervat in Aanhangsel B van bykomende kandidate in orde van voorkeur soos beoog in paragraaf 5 van Bylae 1 by die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993.

**Burgemeester en Onderburgemeester**

**5.** Die Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit verkies, op die wyse voorgeskryf vir die verkiesing van 'n Burgemeester en 'n Onderburgemeester in artikels 16 en 17 onderskeidelik van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, so spoedig moontlik na die effektiewe datum, op 'n spesiale vergadering van die Raad, 'n Burgemeester en Onderburgemeester uit die Raadslede vermeld in artikel 4 (4): Met dien verstande dat die Burgemeester en Onderburgemeester nie beide vanuit die statutêre komponent of die nie-statutêre komponent aangestel word nie.

**Toelaes van Raadslede, Burgemeester en Onderburgemeester**

**6.** (1) Al die Raadslede ontvang vanaf die effektiewe datum, dieselfde toelaes as die toelaes wat aan die Raadslede van die ontbinde Stadsraad van Bronkhorstspruit betaal is.

(2) Die Burgemeester en Onderburgemeester ontvang vanaf die effektiewe datum dieselfde toelaes as die toelaes wat aan die Burgemeester en Onderburgemeester van die ontbinde Stadsraad van Bronkhorstspruit betaal is.

**Uitvoerende Komitee**

**7.** (1) Die Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit verkies, ondanks die bepalings van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie No. 40 van 1960), kragtens die bepalings van artikel 16 (6) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993, uit sy lede 'n Uitvoerende Komitee.

(2) Die Raad verkies, tydens die spesiale vergadering beoog in artikel 5, twee persone uit die Uitvoerende Komitee as Voorsitters van die Uitvoerende Komitee, waarvan een vanuit die statutêre komponent en een vanuit die nie-statutêre komponent afkomstig moet wees, welke persone om die beurt as Voorsitters by elke vergadering van die Uitvoerende Komitee optree.

(3) Die bepalings van artikels 1 en 55 tot 61 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, is by die toepassing van hierdie Proklamasie, *mutatis mutandis* op die Uitvoerende Komitee beoog in subartikel (1), van toepassing.

**Transfer of assets, liabilities, rights, obligations and successor-in-law**

**8.** (1) All assets, liabilities, rights and obligations of the dissolved Town Council of Bronkhorstspruit, the dissolved Town Committee of Zithobeni and the area of Rethabiseng shall, as from the effective date and subject to the provisions of subsection (3), be transferred to the Transitional Local Council of Bronkhorstspruit.

(2) The Transitional Local Council of Bronkhorstspruit shall, as from the effective date for the purposes of this Proclamation, and subject to the provisions of subsection (3), be deemed to be the successor-in-law of the assets, liabilities, rights and obligations of the dissolved local government bodies concerned.

(3) Any liability, debt or obligation which has been incurred by the black local government bodies mentioned in section 2 up to and including the day preceeding the effective date, other than a liability, debt or obligation which has been incurred in respect of any infrastructure that generates revenue or infrastructure which is or can be utilised by the Transitional Local Council of Bronkhorstspruit, shall devolve upon the said Council, subject to the right of the national government to assume such liabilities, debts or obligations in terms of assurances made by the national government that no transitional council will inherit any external debts of the said black local government bodies up to the effective date.

**By-laws, regulations, resolutions, statutory notices and delegations**

**9.** Subject to the provisions of this Proclamation, all by-laws, regulations, resolutions, statutory notices and delegations of the dissolved local government bodies mentioned in section 2 which immediately before the effective date were in force in any area of the said dissolved local government bodies, shall remain in force in such area, subject to any repeal or amendment of such by-laws, regulations, resolutions, statutory notices and delegations by the Transitional Local Council of Bronkhorstspruit.

**Budget**

**10.** The 1994/95-budget of the dissolved local government bodies mentioned in section 2 shall, notwithstanding the provisions of section 58 of the Local Government Ordinance, 1939, be deemed to be the 1994/95-budget of the Transitional Local Council of Bronkhorstspruit.

**Representation on Regional Services Council**

**11.** Representation of the dissolved local government bodies mentioned in section 2 before the effective date in terms of the Regional Services Councils Act, 1985 (Act No. 109 of 1985), on the Pretoria Regional Services Council, shall be terminated on the effective date.

**Oordra van bates, laste, regte, verpligtinge en regsopvolger**

**8.** (1) Alle bates, laste, regte en verpligtinge van die ontbinde Stadsraad van Bronkhorstspruit, die ontbinde Dorpskomitee van Zithobeni en die gebied van Rethabiseng word vanaf die effektiewe datum en behoudens die bepalings van subartikel (3), aan die Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit oorgedra.

(2) Die Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit word by die toepassing van hierdie Proklamasie vanaf die effektiewe datum en behoudens die bepalings van subartikel (3) geag om die regsopvolger van die bates, laste, regte en verpligtinge van die betrokke ontbinde plaaslike owerheidsliggame te wees.

(3) Enige las, skuld of verpligting wat deur die ontbinde swart plaaslike owerheidsliggame vermeld in artikel 2 aangegaan is tot op en insluitend die dag wat die effektiewe datum voorafgaan, behalwe 'n las, skuld of verpligting wat aangegaan is ten opsigte van enige infrastruktuur wat inkomste genereer of infrastruktuur wat deur die Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit aangewend word of kan word, gaan op die genoemde Plaaslike Oorgangsraad oor onderhewig aan die reg van die nasionale regering om diesulke laste, skulde of verpligtinge te aanvaar kragtens versekerings gemaak deur die nasionale regering dat geen oorgangsraad enige eksterne skulde van die genoemde swart plaaslike owerheidsliggame tot op die effektiewe datum sal erf nie.

**Verordeninge, regulasies, besluite, statutêre kennisgewings en delegasies**

**9.** Behoudens die bepalings van hierdie Proklamasie, bly alle verordeninge, regulasies, besluite, statutêre kennisgewings en delegasies van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame vermeld in artikel 2 wat onmiddellik voor die effektiewe datum van krag was binne enige gebied van die genoemde ontbinde plaaslike owerheidsliggame, van krag in diesulke gebied, onderhewig aan enige herroeping of wysiging van diesulke verordeninge, regulasies, besluite, statutêre kennisgewings en delegasies deur die Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit.

**Begroting**

**10.** Die 1994/95-begroting van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame vermeld in artikel 2 word, ondanks die bepalings van artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, geag die 1994/95-begroting van die Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit te wees.

**Verteenwoordiging op Streeksdiensteraad**

**11.** Verteenwoordiging wat die ontbinde plaaslike owerheidsliggame vermeld in artikel 2 voor die effektiewe datum kragtens die Wet op Streeksdiensterade, 1985 (Wet No. 109 van 1985), op die Pretoria Streeksdiensteraad gehad het, word op die effektiewe datum beëindig.

**Authorised local authority**

**12.** (1) The Transitional Local Council of Bronkhorstspruit shall, under section 2 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), as from the effective date be an authorised local authority for purposes of Chapters II, III and IV of the said Ordinance.

(2) The Transitional Local Council of Bronkhorstspruit shall, under section 3 of the Division of Land Ordinance, 1986 (Ordinance No. 20 of 1986), as from the effective date be an authorised local authority for the purposes of Chapter IV of the said Ordinance.

**Local authority contemplated in Sixth Schedule to Local Government Ordinance, 1939**

**13.** The Transitional Local Council of Bronkhorstspruit is hereby, as from the effective date, deemed to be a local authority as contemplated on Part III of the Sixth Schedule to the Local Government Ordinance, 1939.

**Single Local Administration for Transitional Local Council of Bronkhorstspruit**

**14.** (1) A Single Local Administration is hereby established for the Transitional Local Council of Bronkhorstspruit.

(2) A permanent organisational structure for the Single Local Administration shall be constituted by the Transitional Local Council of Bronkhorstspruit as soon as possible after the effective date.

**Chief Executive Officer/Town Clerk**

**15.** (1) The Chief Executive Officer/Town Clerk of the dissolved Town Council of Bronkhorstspruit shall, for the purposes of this Proclamation and subject to the Remuneration of Town Clerks Act, 1984 (Act No. 115 of 1984), and the Profession of Town Clerks Act, 1988 (Act No. 75 of 1988), be deemed to be the acting Chief Executive Officer/Town Clerk of the Transitional Local Council of Bronkhorstspruit as contemplated in section 62 of the Local Government Ordinance, 1939.

(2) The Chief Executive Officer/Town Clerk shall, for the purposes of this Proclamation perform all the functions, powers and duties assigned to a Town Clerk in terms of the Local Government Ordinance, 1939, The Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, the Municipal Elections Ordinance, 1970, or any other law, by-law or resolution of the dissolved local government bodies mentioned in section 2.

**Employees and officers of Transitional Local Council of Bronkhorstspruit**

**16.** (1) After a permanent organisational structure as contemplated in section 13 (2) has been constituted, all employees and officers in the service of the dissolved local government bodies mentioned in sec-

**Gemagtigde plaaslike bestuur**

**12.** (1) Die Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit word, kragtens artikel 2 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), vanaf die effektiewe datum 'n gemagtigde plaaslike bestuur vir doeleindes van Hoofstukke II, III en IV van genoemde Ordonnansie.

(2) Die Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit word, kragtens artikel 3 van die Ordonnansie op die Verdeling van Grond, 1986 (Ordonnansie No. 20 van 1986), vanaf die effektiewe datum 'n gemagtigde plaaslike bestuur vir doeleindes van Hoofstuk IV van genoemde Ordonnansie.

**Plaaslike bestuur in Sesde Bylae by Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bedoel**

**13.** Die Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit word hierby, vanaf die effektiewe datum, geag 'n plaaslike bestuur soos bedoel in Deel III van die Sesde Bylae by die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, te wees.

**Enkele Plaaslike Adminstrasie vir Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit**

**14.** (1) 'n Enkele Plaaslike Administrasie word hierby vir die Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit ingestel.

(2) 'n Permanente organisatoriese struktuur vir die Enkele Plaaslike Administrasie moet so spoedig moontlik na die effektiewe datum deur die Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit saamgestel word.

**Hoof Uitvoerende Beampte/Stadsklerk**

**15.** (1) Die Hoof Uitvoerende Beampte/Stadsklerk van die ontbinde Dorpsraad van Bronkhorstspruit word by die toepassing van hierdie Proklamasie, behoudens die bepalings van die Wet op die Besoldiging van Stadsklerke, 1984 (Wet No. 115 van 1984), en die Wet op die Beroep van Stadsklerke, 1988 (Wet No. 75 van 1988), geag die waarnemende Hoof Uitvoerende Beampte/Stadsklerk van die Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit te wees, soos beoog in artikel 62 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939.

(2) Die Hoof Uitvoerende Beampte/Stadsklerk oefen by die toepassing van hierdie Proklamasie al die funksies, bevoegdhede en pligte uit wat aan 'n Stadsklerk kragtens die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, die Ordonnansie op Munisipale Verkiesings, 1970, of enige ander wet, verordening of besluit van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame vermeld in artikel 2 opgedra is.

**Werknemers en Beamptes van Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit**

**16.** (1) Nadat 'n permanente organisatoriese struktuur soos beoog in artikel 14 (2) saamgestel is, moet alle werknemers en beamptes in diens van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame vermeld in artikel

tion 2 and the employees and officers employed by the Transitional Local Council of Bronkhorstspruit prior to the constitution of such permanent organisational structure, shall be transferred to the Single Local Administration contemplated in section 13 (1) in accordance with the provisions of section 10 (3) (f), (i) and (j) of the Local Government Transition Act, 1993.

(2) Until the employees and officers contemplated in subsection (1) have been transferred to the Single Local Administration, the employees and officers concerned shall, for the purposes of this Proclamation, be deemed to be in the service of the Single Local Administration.

**Effective date**

**17.** This Proclamation shall come into operation on **15 December 1994.**

## ANNEXURE A

**Nominated persons of the Transitional Local Council of Bronkhorstspruit mentioned in section 4 (4):**

STATUTORY COMPONENT

1. G. C. Godrich.
2. J. L. Swanepoel.
3. S. G. Serfontein.
4. R. E. W. Hoffeldt.
5. L. A. Bekker.
6. W. J. Eberson.
7. W. H. C. Grobler.
8. R. D. Cook.
9. P. S. Kruger.

NON-STATUTORY COMPONENT

1. S. Maisela.
2. V. Mbokane.
3. D. Ngwenya.
4. T. Mogale.
5. P. Kgaladi.
6. S. Mashia.
7. K. Matau.
8. R. Ndlovu.
9. H. Nchabeleng.

## ANNEXURE B

**Additional candidates of the Transitional Local Council of Bronkhorstspruit mentioned in section 4 (5):**

STATUTORY COMPONENT

1. Dr H. Mentz.
2. M. J. van Wyk.
3. L. Lee.
4. H. B. Geyer.
5. C. de Jager.

NON-STATUTORY COMPONENT

1. A. Mabena.
2. N. Sibanyoni.
3. F. Mashiloane.
4. I. Maefadi.
5. J. Tsotetsi.

2 en die werknemers en beamptes wat deur die Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit in diens geneem is voordat sodanige permanente organisatoriese struktuur saamgestel is, na die Enkele Plaaslike Administrasie beoog in artikel 14 (1), oorgeplaas word ooreenkomstig die bepalings van artikel 10 (3) (f), (i) en (j) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993.

(2) Totdat die werknemers en beamptes beoog in subartikel (1) na die Enkele Plaaslike Administrasie oorgeplaas is, word die betrokke werknemers en beamptes vir doeleindes van hierdie Proklamasie in diens van die Enkele Plaaslike Administrasie te wees.

**Effektiewe datum**

**17.** Hierdie Proklamasie tree in werking op **15 Desember 1994.**

## AANHANGSEL A

**Genomineerde persone van die Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit vermeld in artikel 4 (4):**

STATUTÊRE KOMPONENT

1. G. C. Godrich.
2. J. L. Swanepoel.
3. S. G. Serfontein.
4. R. E. W. Hoffeldt.
5. L. A. Bekker.
6. W. J. Eberson.
7. W. H. C. Grobler.
8. R. D. Cook.
9. P. S. Kruger.

NIE-STATUTÊRE KOMPONENT

1. S. Maisela.
2. V. Mbokane.
3. D. Ngwenya.
4. T. Mogale.
5. P. Kgaladi.
6. S. Mashia.
7. K. Matau.
8. R. Ndlovu.
9. H. Nchabeleng.

## AANHANGSEL B

**Addisionele kandidate van die Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit vermeld in artikel 4 (5):**

STATUTÊRE KOMPONENT

1. Dr. H. Mentz.
2. M. J. van Wyk.
3. L. Lee.
4. H. B. Geyer.
5. C. de Jager.

NIE-STATUTÊRE KOMPONENT

1. A. Mabena.
2. N. Sibanyoni.
3. F. Mashiloane.
4. I. Maefadi.
5. J. Tsotetsi.

# RECYCLE
# HERGEBRUIK



**Department of Environment Affairs**
**Departement van Omgewingsake**

## CONTENTS


| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| | **PROCLAMATION** | | |
| 47 | Local Government Transition Act (209/1993): Transitional Local Council of Bronkhorstspruit: Enactments..... | 1 | 5074 |


## INHOUD


| No. | | Bladsy No. | Koerant No. |
|---|---|---|---|
| | **PROKLAMASIE** | | |
| 47 | Oorgangswet op Plaaslike Regering (209/1993): Plaaslike Oorgangsraad van Bronkhorstspruit: Maatreëls..... | 1 | 5074 |


Printed by the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001, for the **Transvaal Provincial Administration**, Pretoria
Gedruk deur die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001, vir die **Transvaalse Provinsiale Administrasie**, Pretoria